# Eksamens en slaagvereistes

(i) **Eksamen in die basiese vakke**

(aa) ’n Student moet in hierdie vakke slaag voordat hy of sy die eksamen in die hoofvak mag aflê. ’n Finale punt van minstens 50% word benodig om te slaag.

(bb) Die eksamen in basiese vakke moet voor die einde van die derde studiejaar suksesvol afgelê word, of op ’n tydstip soos deur die departementshoof bepaal.

(cc) Die Diploma in Gesondheidstelselbestuur wat deur die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid aangebied word, moet bygewoon en geslaag word.

(ii) **Eksamen in die hoofvak**

(aa) Toelating tot die eksamen in die hoofvak word deur die departementshoof bepaal.

(bb) Die student moet ’n verhandeling oor ’n goedgekeurde onderwerp wat met die hoofvak verband hou, voorlê en slaag en ’n manuskrip vir publikasie inhandig.

Sien ook Algemene Regulasies.

i. **Eksamen in die basiese vakke en byvakke (uitgesonder KGM 803)**:

a. 'n Student moet in hierdie vakke slaag voordat hy of sy die eksamen in die hoofvak mag aflê. 'n Finale punt van minstens 50% word benodig om te slaag.
b. Die eksamen in basiese en byvakke moet voor die einde van die derde studiejaar suksesvol afgelê word, of op 'n tydstip soos deur die departementshoof bepaal.

ii. **Eksamen in die hoofvak:** Toelating tot die eksamen in die hoofvak word deur die departementshoof bepaal.
iii. Indien 'n student in een of meer van die basiese vakke of in die hoofvak druip, kan hy of sy op aanbeveling van die betrokke departementshoof deur die eksamenmodereringsvergadering tot 'n tweede eksamen toegelaat word. 'n Student wat toegelaat is tot 'n tweede eksamen in die basiese vak moet die eksamen tydens die volgende eksamenperiode aflê. Tweede eksamens in die hoofvak vind eers minstens ses maande na afloop van die eksamen waarin die student gedruip het, plaas.

**Let wel**:

a. Aangesien 'n nagraadse student die eksamen van enige vak slegs een keer mag herhaal, moet 'n student wat 'n tweede eksamen druip, die program staak. Dit bring mee dat so 'n student die kliniese assistentpos wat hy of sy beklee, so spoedig moontlik moet ontruim na kennisgewing van een kalendermaand aan die Universiteit van Pretoria en/of ander goedgekeurde opleidingsinrigting waar van toepassing.
b. Indien 'n student tot ’n tweede eksamen in die hoofvak toegelaat word, sal die departementshoof bepaal of hy of sy die kliniese assistentpos teen die einde van die opleidingstydperk moet ontruim, of onmiddellik na aflegging van die tweede eksamen.

iv. **Subminimum**: Om in die hoofvak te slaag, moet 'n student 'n subminimum van 50% behaal in al die dele van die eksamen, met 'n finale punt van minstens 50%.
v. Die bepalings die Algemene Regulasies geld ten opsigte van die bywoningskursusse.
vi. Benewens genoemde bepalings, moet 'n verhandeling ook ingedien word oor 'n onderwerp wat met die hoofvak verband hou. Ten einde die finale eksamen te slaag, moet 'n slaagpunt ook vir die verhandeling

